NATIONAL ...

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

R0.70 Wednesday 18 December 1985 WINDHOEK Woensdag 18 Desember 1985 No 5151

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. 145 Promulgation of Criminal Procedure Matters Amendment Act, 1985 (Act 31 of 1985), of the National Assembly. 1

INHOUD

Bladsy

GOEWERMENTKENNISGEWING:

No. 145 Afkondiging van Wysigingswet op Strafprosesaangeleenthede, 1985 (Wet 31 van 1985), van die Nasionale Vergadering 1

Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 145 1985

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation: —

No. 31 of 1985: Criminal Procedure Matters Amendment Act, 1985

Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 145 1985

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie: —

No. 31 van 1985: Wysigingswet op Strafprosesaangeleenthede, 1985

EXPLANATORY NOTE:

——— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in bold typing in square brackets indicate omissions proposed.

ACT

To amend the Criminal Procedure Act, 1977, so as to further regulate the search of premises and arrests by private persons without warrant; to make provision for the taking of photographs of persons arrested upon any charge, released on bail or on warning or convicted of any offence or against whom a preparatory examination has been concluded on any charge; to further regulate the power of a magistrate's court to enquire into an accused person's failure to appear on a summons in any other magistrate's court; so as to further regulate the issue of written notices to secure the attendance of an accused in a magistrate's court; to increase the admission of guilt fine which may be paid in terms of a summons or a written notice; to further regulate the deposit by an accused of bail money with a police official at the place where the accused is in custody; to provide for the cancellation of bail at the request of an accused person; to increase the fine which may be imposed upon an accused after a conviction pursuant to a plea of guilty only; to further regulate the obligation of an accused person to plead in a magistrate's court on a charge to be adjudicated in a superior court; to provide for the reception of the record of the proceedings in a magistrate's court as part of the record of the court in which an accused person is arraigned for summary trial; to permit assessors at criminal trials in superior courts to take part in decisions upon the admissiblity of certain evidence; to provide further for the places to which proceedings may be adjourned and for the suspension of sentences of imprisonment; to regulate more clearly the duty of an accused and a witness to appear at proceedings which have been adjourned; to make provision that an accused may be found guilty of the offence of malicious injury to property if the evidence on a charge of housebreaking with intent to commit an offence specified in the charge proves the first-named but not the last-named offence; to limit the circumstances under which a court may order that a person convicted of any of certain offences be detained at a rehabilitation centre; to increase the compensation which may be awarded by a lower court to any person who has suffered damage as a result of an offence tried by that court; to further regulate the review of certain sentences; to provide further for the remittal of a case after setting aside of a conviction and sentence based on

WYSIGINGSWET OP STRAFPROSESAANGELEENTHEDE, 1985

Wet No. 31, 1985

VERDUIDELIKENDE NOTA:

——— Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

WET

Tot wysiging van die Strafproseswet, 1977, ten einde die deursoeking van persele en inhegtenisneming deur private persone sonder lasbrief verder te reël; voorsiening te maak vir die neem van foto's van persone wat op enige aanklag in hegtenis geneem is, op borgtog of op waarskuwing vrygelaat is of weens enige misdryf skuldig bevind is of teen wie 'n voorlopige ondersoek op enige aanklag afgesluit is; die bevoegdheid van 'n landdroshof om ondersoek in te stel na die versuim van 'n beskuldigde persoon om op 'n dagvaarding in 'n ander landdroshof te verskyn, verder te reël; ten einde die uitreiking van skriftelike kennisgewings om die aanwesigheid van 'n beskuldigde in 'n landdroshof te verkry, verder te reël; die skulderkenningsboete wat ingevolge 'n dagvaarding of 'n skriftelike kennisgewing betaal kan word, te verhoog; die deponering deur 'n beskuldigde van borggeld by 'n polisiebeampte by die plek waar die beskuldigde in bewaring is, verder te reël; voorsiening te maak vir die intrekking van borgtog op versoek van 'n beskuldigde persoon; die boete wat 'n beskuldigde na 'n skuldigbevinding uit hoofde van slegs 'n pleit van skuldig opgelê kan word, te verhoog; die verpligting van 'n beskuldigde persoon om in 'n landdroshof te pleit op 'n aanklag wat in 'n hoër hof bereg moet word, verder te reël; voorsiening te maak vir die ontvangs van die oorkonde van die verrigtinge in 'n landdroshof as deel van die oorkonde van die hof waarin 'n beskuldigde persoon vir 'n summiere verhoor teregstaan; assessore by strafverhore in hoër howe toe te laat om aan beslissings oor die toelaatbaarheid van sekere getuienis deel te neem; verder voorsiening te maak vir plekke waarna verrigtinge verdaag kan word en vir die opskorting van vonnisse van gevangenisstraf; die plig van 'n beskuldigde en 'n getuie om te verskyn by verrigtinge wat verdaag is, duideliker te reël; voorsiening te maak dat 'n beskuldigde skuldig bevind kan word aan opsetlike saakbeskadiging indien die getuienis op 'n aanklag weens huisbraak met die opset om 'n in die aanklag vermelde misdryf te pleeg, eersgenoemde maar nie laasgenoemde misdryf nie bewys; die omstandighede te beperk waaronder 'n hof kan beveel dat 'n persoon wat aan enige van sekere misdrywe skuldig bevind is hy in 'n rehabilitasiesentrum aangehou word; die vergoeding wat deur 'n laer hof toegeken kan word aan iemand wat skade gely het as gevolg van 'n misdryf

a plea of guilty; and to extend the powers of police officers to determine bail; and to provide for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 28 November 1985)

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Substitution of section 24 of Act 51 of 1977.

1. The following section is hereby substituted for section 24 of the Criminal Procedure Act, 1977 (hereafter referred to as the principal Act):

"Search of premises.

24. Any person who is lawfully in charge or occupation of any **[land]** premises and who reasonably suspects that stolen stock or produce, as defined in any law relating to the theft of stock or produce, is **[on any premises upon that land]** on or in the premises concerned, or that any article has been placed **[on such premises]** thereon or therein or is in the custody or possession of any person upon or in such premises in contravention of any law relating to intoxicating liquor, dependence-producing drugs, arms and ammunition or explosives, may at any time, if a police official is not readily available, enter such premises for the purpose of searching such premises and any person thereon or therein, and if any such stock, produce or article is found, he shall take possession thereof and forthwith deliver it to a police official.".

Amendment of section 37 of Act 51 of 1977.

2. Section 37 of the principal Act is hereby amended -

(a) by the addition to subsection (1) of the following paragraph:

"(d) take a photograph or may cause a photograph to be taken of a person referred to in paragraph (a)(i) or (ii).";

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Any court which has convicted any person of any offence or which has concluded a preparatory examination against any person on any charge, or any magistrate may order that the finger-prints, palm-prints or foot-prints or a photograph of the person concerned be taken."; and

deur daardie hof bereg, te verhoog; die hersiening van sekere vonnisse verder te reël; verdere voorsiening te maak vir die terugverwysing van 'n saak ná die tersydestelling van 'n skuldigbevinding en vonnis gegrond op 'n pleit van skuldig; en die bevoegdheid van polisiebeamptes om borg te bepaal, uit te brei; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 28 November 1985)

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

Vervanging van artikel 24 van Wet 51 van 1977.

1. Artikel 24 van die Strafproseswet, 1977 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Deursoeking van perseel.

24. Iemand wat wettiglik toesig het oor of in besit is van **[grond]** 'n perseel en wat redelikerwys vermoed dat gesteelde vee of produkte, soos omskryf in 'n wet betreffende die diefstal van vee of produkte, **[op 'n perseel op daardie grond]** op of in die betrokke perseel is, of dat 'n voorwerp in stryd met 'n wet betreffende sterk drank, afhanklikheidsvormende medisyne, wapens en ammunisie of ontplofbare stowwe **[op so 'n perseel]** daarop of daarin gelaat is of in die bewaring of besit van iemand op of in **[so 'n]** die perseel is, kan te eniger tyd, indien 'n polisiebeampte nie geredelik beskikbaar is nie, **[so 'n]** die perseel betree ten einde **[so 'n perseel]** dit en enige persoon daarop of daarin te deursoek, en indien enige sodanige vee, produkte of voorwerp gevind word, moet hy dit in besit neem en onverwyld aan 'n polisiebeampte oorhandig.".

Wysiging van artikel 37 van Wet 51 van 1977.

2. Artikel 37 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

"(d) 'n foto neem of laat neem van 'n in paragraaf (a)(i) of (ii) bedoelde persoon.";

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Hof wat iemand weens 'n misdryf skuldig bevind het of wat 'n voorlopige ondersoek teen iemand of enige aanklag afgesluit het, of 'n landdros, kan gelas dat die vinger-, palm- of voetafdrukke of 'n foto, van die betrokke persoon geneem word."; en

(c) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) Finger-prints, palm-prints or foot-prints, photographs and the record of steps taken under this section shall be destroyed if the person concerned is found not guilty at his trial or if his conviction is set aside by a superior court or if he is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceedings with reference to which such prints or photographs were taken or such record was made are instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute such person.".

Amendment of section 42 of Act 51 of 1977.

3. Section 42 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The owner, lawful occupier or person in charge of **[land]** property on or in respect of which any person is found committing any offence, and any person authorized thereto by such owner, occupier or person in charge, may without warrant arrest the person so found.".

Amendment of section 55 of Act 51 of 1977.

4. Section 55 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (3) of the following paragraph:

"(a) If, in any case in which a warrant of arrest is issued, it was permissible for the accused in terms of section 57 to admit his guilt in respect of the summons on which he failed to appear and to pay a fine in respect thereof without appearing in court, and the accused is arrested under such warrant in **[a magisterial district]** the area of jurisdiction of a magistrate's court other than the **[magisterial district]** magistrate's court **[in]** which issued the warrant of arrest **[was issued, the magistrate's court of such district]** such other magistrate's court may, notwithstanding any provision of this Act or any other law to the contrary, and if satisfied that the accused has, since the date on which he failed to appear on the summons in question, admitted his guilt in respect of that summons and has paid a fine in respect thereof without appearing in court, in a summary manner enquire into his failure to appear on such summons and, unless the accused satisfies the court that his failure was not due to any fault on his part, convict him of the offence referred to in subsection (1) and sentence him to a fine not exceeding R100 rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.".

(c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Vinger-, palm- of voetafdrukke, foto's en die aantekeninge van stappe ingevolge hierdie artikel gedoen, word vernietig indien die betrokke persoon by sy verhoor onskuldig bevind word of indien sy skuldigbevinding deur 'n hoër hof tersyde gestel word of indien hy by 'n voorlopige ondersoek ontslaan word of indien geen strafregtelike verrigtinge met betrekking waartoe bedoelde afdrukke of foto's geneem is of bedoelde aantekeninge gemaak is in 'n hof teen die betrokke persoon ingestel word nie of indien die vervolging nie bereid is om so 'n persoon te vervolg nie.".

Wysiging van artikel 42 van Wet 51 van 1977.

3. Artikel 42 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die eienaar, wettige okkupant of persoon in beheer van **[grond]** eiendom waarop of met betrekking waartoe daar gevind word dat iemand 'n misdryf pleeg, en iemand deur bedoelde eienaar, okkupant of persoon in beheer daartoe gemagtig, kan so iemand sonder lasbrief in hegtenis neem.".

Wysiging van artikel 55 van Wet 51 van 1977.

4. Artikel 55 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Indien dit in 'n geval waarin 'n lasbrief tot inhegtenisneming uitgereik word, vir die beskuldigde toelaatbaar was om ingevolge artikel 57 skuld te erken ten opsigte van die dagvaarding waarop hy versuim het om te verskyn en om 'n boete ten opsigte daarvan te betaal sonder om in die hof te verskyn, en die beskuldigde ingevolge so 'n lasbrief in hegtenis geneem word in **['n ander landdrosdistrik]** die regsgebied van 'n ander landdroshof as die **[landdrosdistrik waarin]** landdroshof wat die lasbrief tot inhegtenisneming uitgereik **[is]** het, kan **[die landdroshof van so 'n ander distrik]** bedoelde ander landdroshof, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet, en indien oortuig dat die beskuldigde, sedert die datum waarop hy versuim het om op die betrokke dagvaarding te verskyn, sy skuld ten opsigte van daardie dagvaarding erken het en 'n boete ten opsigte daarvan betaal het sonder om in 'n hof te verskyn, op 'n summiere wyse ondersoek instel na sy versuim om op so 'n dagvaarding te verskyn en, tensy die beskuldigde die hof oortuig dat sy versuim nie aan enige skuld aan sy kant te wyte was nie, hom weens die in subartikel (1) bedoelde misdryf skuldig bevind en hom tot 'n boete van hoogstens R100 of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande veroordeel.".

Amendment of section 56 of Act 51 of 1977.

5. Section 56 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"If an accused is alleged to have committed an offence and a peace officer on reasonable grounds believes that a magistrate's court, on convicting such accused of that offence, will not impose a fine exceeding **[one hundred rand]** R300 such peace officer may, whether or not the accused is in custody, hand to the accused a written notice which shall -".

Amendment of section 57 of Act 51 of 1977.

6. Section 57 of the principal Act is hereby amended -

(a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) a summons is issued against an accused under section 54 (in this section referred to as the summons) and the public prosecutor or the clerk of the court concerned on reasonable grounds believes that a magistrate's court, on convicting the accused of the offence in question, will not impose a fine exceeding **[one hundred rand]** R300, and such public prosecutor or clerk of the court endorses the summons to the effect that the accused may admit his guilt in respect of the offence in question and that he may pay a fine stipulated on the summons in respect of such offence without appearing in court; or"; and

(b) by the substitution for paragraph (b) of subsection (5) of the following paragraph:

"(b) An admission of guilt fine determined under paragraph (a) shall not exceed the maximum of the fine prescribed in respect of the offence in question or the amount of **[one hundred]** R300, whichever is the lesser.".

Amendment of section 60 of Act 51 of 1977, as amended by section 2 of Act 56 of 1979.

7. Section 60 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any accused who is in custody in respect of any offence may at his first appearance in a lower court or at any stage after such appearance, apply to such court or, if the proceedings against the accused are pending in a superior court, to that court, to be released on bail in respect of such offence, and any such court may, subject to the provisions of section 61, release the accused on bail in respect of such offence on condition that the accused deposits with the clerk of the court or the registrar of the court, as the case may be, or with a member of the prisons service at the prison where the accused is in custody or **[in the case of a periodical court, if no clerk of the court is available]** with any police official at the place where the accused is in custody, the sum of money deter-

WYSIGINGSWET OP STRAFPROSESAANGELEENTHEDE, 1985

Wet No. 31, 1985

Wysiging van artikel 56 van Wet 51 van 1977.

5. Artikel 56 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien 'n beskuldigde na bewering 'n misdryf gepleeg het en 'n vredesbeampte op redelike gronde dink dat 'n landdroshof, by skuldigbevinding van so 'n beskuldigde weens daardie misdryf, nie 'n boete sal oplê wat **[honderd rand]** R300 te bowe gaan nie, kan so 'n vredesbeampte, hetsy die beskuldigde in bewaring is of nie, aan die beskuldigde 'n skriftelike kennisgewing oorhandig wat -".

Wysiging van artikel 57 van Wet 51 van 1977.

6. Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) 'n dagvaarding ingevolge artikel 54 teen 'n beskuldigde uitgereik word (in hierdie artikel die dagvaarding genoem) en die betrokke staatsaanklaer of klerk van die hof op redelike grond dink dat 'n landdroshof, by skuldigbevinding van die beskuldigde aan die betrokke misdryf, nie 'n boete sal oplê wat **[honderd rand]** R300 te bowe gaan nie, en so 'n staatsaanklaer of klerk van die hof die dagvaarding endosseer met die strekking dat die beskuldigde sy skuld ten opsigte van die betrokke misdryf kan erken en dat hy 'n op die dagvaarding bepaalde boete ten opsigte van bedoelde misdryf kan betaal sonder om in die hof te verskyn; of"; en

(b) deur paragraaf (b) van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) 'n Kragtens paragraaf (a) bepaalde skulderkenningsboete oorskry nie die maksimum boete nie wat ten opsigte van die betrokke misdryf voorgeskryf is of die bedrag van **[honderd rand]** R300, watter ook al die minste is.".

7. Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 60 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 56 van 1979.

"(1) 'n Beskuldigde wat ten opsigte van enige misdryf in bewaring is, kan by sy eerste verskyning in 'n laer hof of in enige stadium na bedoelde verskyning, 'n aansoek rig aan bedoelde hof of, indien die verrigtinge teen die beskuldigde in 'n hoër hof hangende is, aan daardie hof, om ten opsigte van daardie misdryf op borgtog vrygelaat te word, en so 'n hof kan, behoudens die bepalings van artikel 61, die beskuldigde ten opsigte van daardie misdryf op borgtog vrylaat op voorwaarde dat die beskuldigde die bedrag geld by die klerk van die hof of die griffier van die hof, na gelang van die geval, of by 'n lid van die gevangenisdiens by die gevangenis waar die beskuldigde in bewaring is of **[in die geval van 'n periodieke hof, as 'n klerk van die hof nie beskikbaar is nie]** by 'n polisie-

mined by the court in question.".

Insertion of section 68A in Act 51 of 1977.

8. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 68:

"Cancellation of bail at request of accused.

68A. Any court before which a charge is pending in respect of which the accused has been released on bail may, upon application by the accused, cancel the bail and refund the bail money if the accused is in custody on any other charge or is serving a sentence.".

Amendment of section 112 of Act 51 of 1977.

9. Section 112 of the principal Act is hereby amended -

(a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) the presiding judge may, if he is of the opinion that the offence does not merit the sentence of death, or the presiding judge, regional magistrate or magistrate may, if he is of the opinion that the offence does not merit punishment of imprisonment or any other form of detention without the option of a fine or of a whipping or of a fine exceeding **[one hundred rand]** R300, convict the accused in respect of the offence to which he has pleaded guilty on his plea of guilty only and -

(i) impose any competent sentence, other than the sentence of death or imprisonment or any other form or a whipping or a fine exceeding **[one hundred rand]** R300; or

(ii) deal with the accused otherwise in accordance with law;"; and

(b) by the substitution in paragraph (b) of subsection (1) for the words preceding the proviso of the following words:

"the presiding judge shall, if he is of the opinion that the offence merits the sentence of death, or the presiding judge, regional magistrate or magistrate shall, if he is of the opinion that the offence merits punishment of imprisonment or any other form of detention without the option of a fine or of a whipping or of a fine exceeding **[one hundred rand]** R300, or if requested thereto by the prosecutor, question the accused with reference to the alleged facts of the case in order to ascertain whether he admits the allegations in the charge to which he has pleaded guilty, and may, if satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty, convict the accused on his plea of guilty of that offence and impose any competent sentence:".

beampte by die plek waar die beskuldigde in bewaring is, deponeer wat die betrokke hof bepaal.".

Invoeging van artikel 68A in Wet 51 van 1977.

8. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 68 ingevoeg:

"Intrekking van borgtog op versoek van beskuldigde.

68A. 'n Hof voor wie 'n aanklag hangende is ten opsigte waarvan die beskuldigde op borgtog vrygelaat is, kan, op aansoek van die beskuldigde, die borgtog intrek en die borggeld terugbetaal indien die beskuldigde op 'n ander aanklag in bewaring verkeer of 'n vonnis uitdien.".

Wysiging van artikel 112 van Wet 51 van 1977.

9. Artikel 112 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) kan die voorsittende regter, indien hy van oordeel is dat die misdryf nie die doodvonnis regverdig nie, of kan die voorsittende regter, streeklanddros of landdros, indien hy van oordeel is dat die misdryf nie gevangenisstraf of 'n ander vorm van aanhouding sonder die keuse van 'n boete of lyfstraf of 'n boete van meer as **[honderd rand]** R300 regverdig nie, die beskuldigde slegs uit hoofde van sy pleit van skuldig skuldig bevind ten opsigte van die misdryf waarop hy skuldig gepleit het en -

(i) 'n geoorloofde vonnis oplê behalwe die doodvonnis of gevangenisstraf of 'n ander vorm van aanhouding sonder die keuse van 'n boete of lyfstraf of 'n boete van meer as **[honderd rand]** R300; of

(ii) andersins volgens wet met die beskuldigde handel;"; en

(b) deur in paragraaf (b) van subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"moet die voorsittende regter, indien hy van oordeel is dat die misdryf die doodvonnis regverdig, of moet die voorsittende regter, streeklanddros of landdros, indien hy van oordeel is dat die misdryf gevangenisstraf of 'n ander vorm van aanhouding sonder die keuse van 'n boete of lyfstraf of 'n boete van meer as **[honderd rand]** R300 regverdig, of indien deur die aanklaer daartoe versoek, die beskuldigde met betrekking tot die beweerde feite van die saak ondervra ten einde vas te stel of hy die bewerings in die aanklag waarop hy skuldig gepleit het, erken, en, indien hy oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het, kan hy die beskuldigde op sy pleit van skuldig aan daardie misdryf skuldig bevind en 'n geoorloofde vonnis oplê:".

Substitution of section 119 of Act 51 of 1977, as amended by section 5 of Act 56 of 1979.

10. The following section is hereby substituted for section 119 of the principal Act:

"Accused to plead in magistrate's court on instructions of attorney-general.

119. When an accused **[is brought before a magistrate's court under section 50(1), including an accused released on bail under section 59 or on warning by a police official under section 72]** appears in a magistrate's court and the alleged offence may be tried by a superior court only or is of such a nature or magnitude that it merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court, the prosecutor may, notwithstanding the provisions of section 75, on the instructions of the attorney-general, whether in general or in any particular case, put the charge, as well as any other charge which shall, in terms of section 82, be disposed of in a superior court, to the accused in the magistrate's court, and the accused shall, subject to the provisions of sections 77 and 85, be required by the magistrate to plead **[to the charge]** thereto forthwith.".

Amendment of section 121 of Act 51 of 1977, as amended by section 6 of Act 56 of 1979.

11. Section 121 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (5) after paragraph (a) of the following paragraph:

"(aA) The record of the proceedings in the magistrate's court shall, upon proof thereof in the court in which the accused is arraigned for a summary trial, be received as part of the record of that court against the accused, and any admission by the accused shall stand and form part of the record of that court unless the accused satisfies the court that such admission was incorrectly recorded.".

Amendment of section 145 of Act 51 of 1977.

12. Section 145 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) An assessor who takes an oath or makes an affirmation under subsection (3) shall be a member of the court: Provided that -

(a) subject to the provisions of paragraphs (b) and (c) of this proviso and of section 217(3)(b), the decision or finding of the majority of the members of the court upon any question of fact or upon the question referred to in the said paragraph (b) shall be the decision or finding of the court, except when the presiding judge sits with only one assessor, in which case the decision or finding of the judge shall, in the case of a difference of opinion, be the decision or finding of the court;

Vervanging van artikel 119 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 56 van 1979.

10. Artikel 119 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Beskuldigde moet in opdrag van prokureur-generaal in landdroshof pleit.

119. Wanneer 'n beskuldigde **[ingevolge artikel 50(1) voor 'n landdroshof gebring word, met inbegrip van 'n beskuldigde wat ingevolge artikel 59 op borgtog, of ingevolge artikel 72 deur 'n polisiebeampte op waarskuwing vrygelaat is]** <u>in 'n landdroshof verskyn</u> en die beweerde misdryf slegs deur 'n hoër hof bereg kan word of van so aard of omvang is dat dit straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan, kan die aanklaer, ondanks die bepalings van artikel 75, in opdrag van die prokureur-generaal, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, die aanklag, <u>sowel as enige ander aanklag wat ingevolge artikel 82 in 'n hoër hof afgehandel moet word</u>, in die landdroshof aan die beskuldigde stel, en word die beskuldigde, behoudens die bepalings van artikel 77 en 85, deur die landdros aangesê om onverwyld **[op die aanklag]** <u>daarop</u> te pleit.".

Wysiging van artikel 121 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 56 van 1979.

11. Artikel 121 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (5) na paragraaf (a) die volgende paragraaf in te voeg:

"<u>(aA) Die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof word by bewys daarvan in die hof waarin die beskuldigde vir 'n summiere verhoor teregstaan, ontvang as deel van die oorkonde van daardie hof teen die beskuldigde, en 'n erkenning deur die beskuldigde bly staan en maak deel uit van die oorkonde van daardie hof tensy die beskuldigde die hof oortuig dat so 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is.</u>".

Wysiging van artikel 145 van Wet 51 van 1977.

12. Artikel 145 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"<u>(4) 'n Assessor wat ingevolge subartikel (3) 'n eed aflê of 'n bevestiging doen, is 'n lid van die hof: Met dien verstande dat -</u>

<u>(a) behoudens die bepalings van paragrawe (b) en (c) van hierdie voorbehoudsbepaling en van artikel 217(3)(b) die beslissing of bevinding van die meerderheid van die lede van die hof oor 'n feitevraag of oor die in genoemde paragraaf (b) bedoelde vraag, die beslissing of bevinding van die hof is, behalwe wanneer die voorsittende regter met slegs een assessor sit, in welke geval die beslissing of bevinding van die regter, by verskil van mening, die beslissing of bevinding van die hof is;</u>

(b) if the presiding judge is of the opinion that it would be in the interest of the administration of justice that the assessor or the assessors assisting him do not take part in any decision upon the question whether evidence of any confession or other statement made by an accused is admissible as evidence against him the judge alone shall decide upon such question, and he may for this purpose sit alone;

(c) the presiding judge alone shall decide upon any other question of law or upon any question whether any matter constitutes a question of law or a question of fact, and he may for this purpose sit alone.".

Substitution of section 146 of Act 51 of 1977.

13. The following section is hereby substituted for section 146 of the principal Act:

"Reasons for decision by superior court in criminal trial.

146. A judge presiding at a criminal trial in a superior court shall -

(a) where he decides any question of law, including any question under paragraph **[(a)]** (c) of the proviso to section 145(4) whether any matter constitutes a question of law or a question of fact, give the reasons for his decision;

(b) whether he sits with or without assessors, give the reasons for the decision or finding of the court upon any question of fact;

(c) where he sits with assessors, give the reasons for the decision or finding of the court upon the question referred to in paragraph (b) of the proviso to section 145(4);

[(c)] (d) where he sits **[with an assessor or]** with assessors and there is a difference of opinion upon any question of fact or upon the question referred to in paragraph (b) of the proviso to section 145(4), give the reasons for the decision or finding of the member of the court who is in the minority or, where the presiding judge sits with only one assessor, of such an assessor.".

Substitution of section 169 of Act 51 of 1977.

14. The following section is hereby substituted for section 169 of the principal Act:

"Court may adjourn proceedings to any place.

169. A court before which criminal proceedings are pending, may from time to time during such proceedings, if the court deems it necessary or expedient that the proceedings be continued at any place within

(b) indien die voorsittende regter van oordeel is dat dit in belang van die regspleging sal wees dat die assessor of die assessore wat hom bystaan nie deelneem aan 'n beslissing oor die vraag of getuienis van 'n bekentenis of ander verklaring gedoen deur 'n beskuldigde as getuienis teen hom toelaatbaar is nie, slegs die regter oor bedoelde vraag beslis, en hy vir dié doel alleen kan sit;

(c) slegs die voorsittende regter oor 'n ander regsvraag beslis of oor 'n vraag of 'n aangeleentheid 'n regsvraag of 'n feitevraag uitmaak, en hy vir dié doel alleen kan sit.".

Vervanging van artikel 146 van Wet 51 van 1977.

13. Artikel 146 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Redes vir beslissing deur hoër hof in strafverhoor.

146. 'n Regter wat by n strafverhoor in 'n hoër hof voorsit moet -

(a) waar hy 'n regsvraag beslis, met inbegrip van 'n vraag ingevolge paragraaf **[(a)]**(c) van die voorbehoudsbepaling by artikel 145(4) of 'n aangeleentheid 'n regsvraag uitmaak, die redes vir sy beslissing gee;

(b) hetsy hy met of sonder assessore sit, die redes vir die beslissing of bevinding van die hof oor 'n feitevraag gee;

(c) waar hy met assessore sit, die redes vir die beslissing of bevinding van die hof oor die in paragraaf (b) van die voorbehoudsbepaling by artikel 145(4) bedoelde vraag gee;

[(c)] (d) waar hy **[met een assessor of]** met assessore sit en daar 'n verskil van mening oor 'n feitevraag of oor die in paragraaf (b) van die voorbehoudsbepaling by artikel 145(4) bedoelde vraag is, die redes vir die beslissing of bevinding gee van die lid van die hof wat in die minderheid is of, waar die voorsittende regter met slegs een assessor sit, van so 'n assessor.".

Vervanging van artikel 169 van Wet 51 van 1977.

14. Artikel 169 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Hof kan verrigtinge na enige plek verdaag.

169. 'n Hof voor wie strafregtelike verrigtinge hangende is, kan van tyd tot tyd gedurende bedoelde verrigtinge, indien die hof dit nodig of dienstig ag dat die verrigtinge voortgesit word op 'n ander plek in sy regs-

its area of jurisdiction other than the one where the court is sitting, adjourn the proceedings to such other place, or, if the court with reference to any circumstance relevant to the proceedings deems it necessary or expedient that the proceedings be adjourned to a place other than the place at which the court is sitting, adjourn the proceedings, on the terms which to the court may seem proper, to any such place, whether within or outside the area of jurisdiction of such court, for the purpose of performing at such place any function of the court relevant to such circumstance.".

Substitution of section 170 of Act 51 of 1977, as amended by section 11 of Act 56 of 1979.

15. The following section is hereby substituted for section 170 of the principal Act:

"Failure by accused to appear after adjournment or to remain in attendance.

170.(1) An accused at criminal proceedings who is not in custody and who has not been released on bail, and who fails to appear at the place and on the date and at the time to which such proceedings may be adjourned or who fails to remain in attendance at such proceedings as so adjourned, shall be guilty of an offence and liable to the punishment prescribed under subsection (2).

(2) The court may, if satisfied that an accused referred to in subsection (1) has failed to appear at the place and on the date and at the time to which the proceedings in question were adjourned or has failed to remain in attendance at such proceedings as so adjourned, issue a warrant for his arrest and, when he is brought before the court, in a summary manner enquire into his failure so to appear or so to remain in attendance and, unless the accused satisfies the court that his failure was not due to fault on his part, convict him of the offence referred to in subsection (1) and sentence him to a fine not exceeding R100 or to imprisonment for a period not exceeding three months.".

Amendment of section 188 of Act 51 of 1977.

16. Section 188 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any person who is subpoenaed to attend criminal proceedings and who fails to attend or to remain in attendance at such proceedings, and any person who is warned by the court to remain in attendance at criminal proceedings and who fails to remain in attendance at such proceedings, and any person so subpoenaed or so warned who fails to appear at the place and on the date and at the time to which the proceedings in question may be adjourned or who fails to remain in attendance at such

gebied as die plek waar die hof sit, die verrigtinge na dié plek verdaag, of, indien die hof dit met betrekking tot 'n omstandigheid wat by die verrigtinge betrokke is, nodig of dienstig ag dat die verrigtinge na 'n ander plek as die plek waar die hof sit, verdaag word, die verrigtinge op die voorwaardes wat die hof gepas vind, verdaag na so 'n plek, hetsy binne of buite die regsgebied van daardie hof, ten einde by so 'n plek 'n funksie van die hof te verrig wat by bedoelde omstandigheid ter sake is.".

Vervanging van artikel 170 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 56 van 1979.

15. Artikel 170 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Versuim deur beskuldigde om na verdaging te verskyn of teenwoordig te bly.

170.(1) 'n Beskuldigde by strafregtelike verrigtinge wat nie in bewaring is nie en wat nie op borgtog vrygelaat is nie, en wat versuim om op die plek en op die datum en op die tyd te verskyn waartoe bedoelde verrigtinge verdaag word of wat versuim om by die verrigtinge soos aldus verdaag aanwesig te bly, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf by subartikel (2) voorgeskryf.

(2) Die hof kan, indien oortuig dat die in subartikel (1) bedoelde beskuldigde versuim het om op die plek en op die datum en op die tyd te verskyn waartoe die betrokke verrigtinge verdaag is of versuim het om by die verrigtinge soos aldus verdaag aanwesig te bly, 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitreik en, wanneer hy voor die hof gebring word, op 'n summiere wyse ondersoek instel na sy versuim om aldus te verskyn of aldus aanwesig te bly, en, tensy die beskuldigde die hof oortuig dat sy versuim nie aan skuld aan sy kant te wyte was nie, hom weens die in subartikel (1) bedoelde misdryf skuldig bevind en hom tot 'n boete van hoogstens R100 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande veroordeel.".

Wysiging van artikel 188 van Wet 51 van 1977.

16. Artikel 188 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Iemand wat gedagvaar word om strafregtelike verrigtinge by te woon en wat versuim om daardie verrigtinge by te woon of daarby aanwesig te bly, en iemand wat deur die hof gewaarsku word om by strafregtelike verrigtinge aanwesig te bly en wat versuim om by daardie verrigtinge aanwesig te bly, en iemand aldus gedagvaar of aldus gewaarsku wat versuim om te verskyn by die plek en op die datum en op die tyd waartoe die betrokke verrigtinge verdaag word of wat versuim om by die

proceedings as so adjourned, shall be guilty of an offence and liable to the punishment contemplated in subsection (2).".

Amendment of section 262 of Act 51 of 1977.

17. Section 262 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If the evidence on a charge of housebreaking with intent to commit an offence specified in the charge, whether the charge is brought under a statute or the common law, does not prove the offence of housebreaking with intent to commit the offence so specified but the offence of housebreaking with intent to commit an offence other than the offence so specified or the offence of housebreaking with intent to commit an offence unknown or the offence of malicious injury to property, the accused may be found guilty of the offence so proved.".

Amendment of section 296 of Act 51 of 1977, as amended by section 15 of Act 56 of 1979.

18. Section 296 of the principal Act is hereby amended by the addition to subsection (1) of the following proviso:

"Provided that such order shall not be made in addition to any sentence of imprisonment (whether direct or as an alternative to a fine) unless the operation of the whole of such sentence is suspended.".

Amendment of section 297 of Act 51 of 1977.

19. Section 297 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) (a) A court which sentences a person to a term of imprisonment as an alternative to a fine or, if the court which has imposed such sentence was a regional court or a magistrate's court, a magistrate, may, where the fine is not paid, at any stage before the expiration of the period of imprisonment, suspend the operation of the sentence and order the release of the person concerned on such conditions relating to the payment of the fine or such portion thereof as may still be due, as to the court or, in the case of a sentence imposed by a regional court or magistrate's court, the magistrate, may seem expedient, including a condition that the person concerned take up a specified employment and that the fine due be paid in instalments by the person concerned take up a specified employment and that the fine due be paid in instalments by the person concerned or his employer: Provided that the power conferred by this subsection shall not be exercised by a magistrate where the court which has imposed the sentence has so ordered.

(b) A court which has suspended a sentence under paragraph (a), whether differently constituted or not, or any court of equal or superior jurisdiction, or a magistrate who has suspended a sentence in terms of paragraph (a), may at any time -

verrigtinge soos aldus verdaag, aanwesig te bly, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf in subartikel (2) beoog.".

Wysiging van artikel 262 van Wet 51 van 1977.

17. Artikel 262 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien die getuienis op 'n aanklag weens huisbraak met die opset om 'n in die aanklag vermelde misdryf te pleeg, hetsy die aanklag ingevolge 'n wet of die gemene reg gestel word, nie die misdryf huisbraak met die opset om die aldus vermelde misdryf te pleeg, bewys nie, maar die misdryf huisbraak met die opset om 'n ander misdryf as die aldus vermelde misdryf te pleeg of die misdryf huisbraak met die opset om 'n onbekende misdryf te pleeg of die misdryf opsetlike saakbeskadiging, kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.".

Wysiging van artikel 296 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 56 van 1979.

18. Artikel 296 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (1) te voeg:

"Met dien verstande dat bedoelde bevel nie benewens 'n vonnis van gevangenisstraf (hetsy regstreeks of as alternatief vir 'n boete) gegee word nie tensy die tenuitvoerlegging van die geheel van bedoelde vonnis opgeskort word.".

Wysiging van artikel 297 van Wet 51 van 1977.

19. Artikel 297 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) (a) 'n Hof wat iemand tot gevangenisstraf as 'n alternatief tot 'n boete veroordeel of, indien die hof wat bedoelde vonnis opgelê het 'n streekhof of landdroshof was, 'n landdros kan, waar die boete nie betaal word nie, te eniger tyd voor die verstryking van die tydperk van gevangenisstraf, die tenuitvoerlegging van die vonnis opskort en beveel dat die betrokke persoon vrygelaat word op die voorwaardes betreffende die betaling van die boete of die gedeelte daarvan wat nog verskuldig is, wat die hof of, in die geval van 'n vonnis deur 'n streekhof of landdroshof opgelê, die landdros, dienstig ag, met inbegrip van 'n voorwaarde dat die betrokke persoon 'n bepaalde werk aanvaar en dat die verskuldigde boete in paaiemente deur die betrokke persoon of sy werkgewer betaal word: Met dien verstande dat die bevoegdheid by hierdie subartikel verleen, nie deur 'n landdros uitgeoefen word nie waar die hof wat die vonnis opgelê het aldus gelas het.

(b) 'n Hof wat 'n vonnis ingevolge paragraaf (a) opgeskort het, hetsy anders saamgestel al dan nie, of 'n hof met gelyke of hoër regsbevoegdheid, of 'n landdros wat 'n vonnis ingevolge paragraaf (a) opgeskort het, kan te eniger tyd -

(i) further suspend the operation of the sentence on any existing or additional conditions which to the court or magistrate may seem expedient; or

(ii) cancel the order of suspension and recommit the person concerned to serve the balance of the sentence.".

Amendment of section 300 of Act 51 of 1977, as amended by section 16 of Act 56 of 1979.

20. Section 300 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) a regional court or a magistrate's court shall not make any such award if the compensation applied for exceeds **[ten thousand rand]** R20 000 or **[one thousand five hundred rand]** R5 000, respectively;".

Amendment of section 302 of Act 51 of 1977.

21. Section 302 of the principal Act is hereby amended-

(a) by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph (a) of subsection (1) of the following subparagraph:

"(ii) which, in the case of a fine, exceeds the amount of **[two hundred and fifty rand]** R500 if imposed by a judicial officer who has not held the substantive rank of magistrate or higher for a period of seven years, or which exceeds the amount of **[five hundred rand]** R1 000, if imposed by a judicial officer who has held the substantive rank of magistrate or higher for a period of seven years or longer;"; and

(b) by the deletion of paragraph (b) of subsection (2).

Amendment of section 307 of Act 51 of 1977, as amended by section 17 of Act 56 of 1979.

22. Section 307 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph:

"(b) if such person was not so released on bail and the attorney-general has not in terms of section 61 objected to the granting of bail to such person, release him on bail on condition that he deposits with the clerk of the court or with a member of the prisons service at the prison where such person is in custody or **[in the case of a periodical court, if no clerk of the court is available]** with any police official at the place where such convicted person is in custody, the sum of money determined by the court in question; or".

23. Section 312 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

(i) die tenuitvoerlegging van die vonnis verder opskort op enige bestaande of aanvullende voorwaardes wat vir die hof of landdros dienstig blyk; of

(ii) die opskortingsbevel intrek en die betrokke persoon weer gevange set om die oorblywende gedeelte van die vonnis uit te dien.".

Wysiging van artikel 300 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 56 van 1979.

20. Artikel 300 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) 'n streekhof of 'n landdroshof nie so 'n toekenning doen nie indien die vergoeding waarom aansoek gedoen word onderskeidelik **[tienduisend rand]** R20 000 of **[eenduisend vyfhonderd rand]** R5 000 te bowe gaan;".

Wysiging van artikel 302 van Wet 51 van 1977.

21. Artikel 302 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) wat, in die geval van 'n boete, die bedrag van **[tweehonderd en vyftig rand]** R500 te bowe gaan, indien opgelê deur 'n regterlike amptenaar wat nie die substantiewe rang van landdros of hoër vir 'n tydperk van sewe jaar beklee het nie, of wat die bedrag van **[vyfhonderd rand]** R1 000 te bowe gaan, indien opgelê deur 'n regterlike amptenaar wat die substantiewe rang van landdros of hoër vir 'n tydperk van sewe jaar of meer beklee het;"; en

(b) deur paragraaf (b) van subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 307 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 56 van 1979.

22. Artikel 307 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) as bedoelde persoon nie aldus op borgtog vrygelaat was nie en die prokureur-generaal nie ingevolge artikel 61 beswaar gemaak het teen die toestaan van borgtog aan daardie persoon nie, hom op borgtog vrylaat op voorwaarde dat hy die bedrag geld by die klerk van die hof of by 'n lid van die gevangenisdiens by die gevangenis waar bedoelde persoon in bewaring is of **[in die geval van 'n periodieke hof, as 'n klerk van die hof nie beskikbaar is nie]** by 'n polisiebeampte by die plek waar so 'n veroordeelde persoon in bewaring is, deponeer wat die betrokke hof bepaal; of".

Wysiging van artikel 312 van Wet 51 van 1977.

23. Artikel 312 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Where a conviction and sentence under section 112 are set aside on review or appeal on the ground **[only]** that any provision of subsection (1)(b) or subsection (2) of that section was not complied with, or on the ground that the provisions of section 113 should have been applied, the court in question shall remit the case to the court by which the sentence was imposed and direct that court to comply with the provision in question or to act in terms of section 113, as the case may be.".

Amendment of Part II of Schedule 2 of Act 51 of 1977.

24. Schedule 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution for Part II of the following Part:

" Part II
(Section 59,72)

Treason.
Sedition.
Murder.
Rape.
Robbery.
[Assault, when a dangerous wound is inflicted]
Arson.

Breaking or entering any premises, whether under the common law or a statutory provision, with intent to commit an offence.

Theft, whether under the common law or a statutory provision, receiving stolen property knowing it to have been stolen, fraud, forgery or uttering a forged document knowing it to have been forged, in each case if the amount or value involved in the offence exceeds **[two hundred rand]** R600.

Any offence under any law relating to the illicit dealing in or possession of precious metals or precious stones in each case if the value involved in the offence exceeds R600.

Any offence under any law relating to the illicit **[possession,]** conveyance or supply of dependence-producing drugs.

Any offence relating to the coinage.

Any conspiracy, incitement or attempt to commit any offence referred to in this Part.".

Short title.

25. This Act shall be called the Criminal Procedure Matters Amendment Act, 1985.

"(1) Waar 'n skuldigbevinding en vonnis ingevolge artikel 112, op hersiening of appèl tersyde gestel word **[slegs]** op grond daarvan dat 'n bepaling van subartikel (1)(b) of subartikel (2) van daardie artikel nie nagekom is nie, of op grond daarvan dat die bepalings van artikel 113 toegepas moes gewees het, moet die betrokke hof die saak na die hof terugverwys wat die vonnis opgelê het en daardie hof gelas om die betrokke bepaling na te kom of ingevolge artikel 113 te handel, na gelang van die geval.".

Wysiging van Deel II van Bylae 2 van Wet 51 van 1977.

24. Deel II van Bylae 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende Deel vervang:

" Deel II
(Artikel 59,72)

Hoogverraad.
Sedisie.
Moord.
Verkragting
Roof.
[Aanranding wanneer 'n gevaarlike wond toegedien word]
Brandstigting.

Inbraak by of betreding van 'n perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.

Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is, in elke geval as die bedrag of waarde betrokke by die misdryf **[tweehonderd rand]** R600 te bowe gaan.

'n Misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige handel met of besit van edele metale of edelgesteentes in elke geval as die waarde betrokke by die misdryf R600 te bowe gaan.

'n Misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige **[besit,]** vervoer of verskaffing van afhanklikheidsvormende medisyne.

'n Misdryf betreffende die munt van geld.

'n Sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Deel bedoelde misdryf te pleeg.".

Kort titel.

25. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Strafprosesaangeleenthede, 1985.